NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2018

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

   Afdeling A Leesbegrip (30 punte)
   Afdeling B Opsomming (10 punte)
   Afdeling C Poësie (30 punte)
   Afdeling D Taalvaardigheid (30 punte)

3. Beantwoord al die vrae.

4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.

5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

6. Nommer jou antwoorde soos wat die vrae op die vraestel genommer is.

7. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.

8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

---

IEB Copyright © 2018

## AFDELING A LEESBEGRIP

## VRAAG 1 BLOGARTIKEL

**Lees die blog deur 'n Afrikaansonderwyser en beantwoord dan die vrae wat volg.**

**Ja vir selfone in my klas!**

Dis 'n feit dat vandag se leerders in 'n ander wêreld as leerders van 10 jaar gelede leef. Tegnologie soos selfone en rekenaars speel 'n baie belangrike rol hierin.

Maar ek hoor al die onderwysers kreun, want selfone is mos een van die grootste euwels in die klaskamers.

Hier volg 'n paar redes waarom onderwysers selfone probeer vermy:

- Leerders sit in die klaskamer en gesels skelm met die foon onder die tafel, hulle bestee ure en ure tot laat in die aand op hulle selfone en kom nie by hulle huiswerk en leerwerk uit nie.
- Kuber-afknouery op selfone veroorsaak dikwels baie moeilikheid in skole. In ernstige gevalle raak die polisie betrokke en leerders kan geskors word.
- Selfone kan diefstal in skole laat toeneem, veral omdat leerders nie verantwoordelik genoeg is om hulle selfone op te pas nie.
- Ongewenste selfoonfoto's en –video's word vinnig deur leerders versprei en het baie negatiewe gevolge.
- Skole moet ekstra strafmaatreëls en prosedures instel weens die "onwettige" gebruik van selfone.

**Maar daar is ook 'n baie positiewe manier om na selfone te kyk.**

Ons as onderwysers moet aanpas by veranderende tye. Ek het baie min probleme met leerders en selfone in my klas, want 'n mens kan dit tot hul voordeel aanwend. Wanneer ek 'n gedig of kortverhaal behandel, kry die leerders die geleentheid om 'n sekere plek te "google" om inligting te kry. En hulle geniet dit!

Ek het onlangs weer gesien hoe selfone tot voordeel van leerders ingespan word. Die leerders moes 'n beredenerende toespraak skryf. Een van die seuns wat nou nie juis "akademies gemotiveerd" is nie, het aandagtig na die riglyne geluister en toe sy foon uitgehaal en sy onderwerp begin navors. Hy het soveel inligting gekry dat hy sommer dadelik aan sy praatjie begin skryf het.

Die volgende dag het hy die klas met 'n groot glimlag binnegestap en vertel hoe lekker hy aan sy mondeling voorberei het, want hy het so baie bronverwysings gehad om sy standpunt te motiveer. En hy het toe 'n baie goeie toespraak gelewer wat hy voorheen nie eintlik sou doen nie en wat hy gewoonlik sommer vinnig afgerammel het.

Toe ek die eerste keer vir hulle gesê het om hulle selfone uit te haal en in die klas te gebruik, is ek deur verbaasde gesigte aangestaar. Hulle het egter ywerig aan die werk gespring en dit baie geniet, want dit is mos hulle "taal". Natuurlik was daar 'n kansvatter hier en daar wat met 'n kontak op die foon gesels het en nie gewerk het nie, maar hulle het vinnig gesien dat hul maats klaarkry met hulle werk en dat hulle nou met huiswerk sit.

IEB Copyright © 2018

Baie onderwysers sal van my verskil, maar die hantering van selfone het klasgee vir my baie makliker gemaak. Die leerders sit nie skelm en "chat" terwyl ek besig is nie. Ek dink dit bevorder ook wedersydse respek, want die leerders kan sien dat ek hulle vertrou.

**-Olga Channing**
Olga Channing is 'n adjunkhoof en Afrikaansonderwyser. Na 24 jaar in die onderwys is sy steeds dol oor die beroep.

[Bron: *Huisgenoot Digitaal*, 2 Oktober 2013]

1.1 Kies elke keer die korrekte antwoord en skryf slegs die vraagnommer en die alfabetletter neer.

1.1.1 *"Selfone is mos een van die grootste euwels in die klaskamers", beteken:*

A Selfone is 'n groot hulpmiddel in die klaskamer.
B Selfone maak die klaskamers te vol.
C Selfone is 'n groot probleem in klaskamers. (1)

1.1.2 "*Leerders sit in die klaskamer en gesels skelm met die foon onder die tafel, hulle bestee ure en ure tot laat in die aand op hulle selfone en kom nie by hulle huiswerk en leerwerk uit nie."*

Kyk na die betekenis van die stelling en kies die antwoord wat **verkeerd** is:

A Selfone is sleg vir jou tydsbestuur.
B Selfone maak dat mense nie met jou vriende wil wees nie.
C Selfone trek jou konsentrasie af van dit wat belangrik is. (1)

1.2 **Haal drie opeenvolgende woorde aan** om te wys dat die polisie nie by alle insidente van kuber-afknouery betrokke raak nie. (1)

1.3 Gee een moontlike manier waarop leerders selfoonfoto's en –video's kan versprei. (1)

1.4 Watter implikasie het die "ekstra strafmaatreëls" wat in plek gestel moet word op die werkslading van die onderwysers by die skool? (1)

1.5 Haal 'n **deel van 'n sin** aan om te wys dat die leerders hulle fone op **sinvolle en positiewe maniere** in die blogger se klas gebruik. (1)

1.6 Hoekom het die seun dit moontlik in die verlede nie geniet om toesprake voor te berei nie? (1)

IEB Copyright © 2018 

1.7 1.7.1 Antwoord WAAR of ONWAAR op die volgende stelling.

*Al die leerlinge het van die begin af hulle selfone op 'n verantwoordelike manier in die blogger se klas gebruik.* (1)

1.7.2 Haal uit die teks aan om jou antwoord in Vraag 1.7.1 te motiveer. (1)


1.8 Hoe sou jy 'n leerder beskryf wat "nou nie juis akademies gemotiveerd" is nie? Antwoord in jou eie woorde. (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2018

**VRAAG 2 INFOGRAFIEK**

**Bestudeer die volgende infografiek en beantwoord dan die vrae wat daarna volg.**




[Bron: <www.netwerk24.com/baba-en-kleuter/Skool/wenke-vir-n-goeie-rugsak-20160111>]

IEB Copyright © 2018 

2.1 Hoe moet 'n goeie rugsak **gemaak word/aanmekaar gesit word** om die leerder se rug te ondersteun? Noem twee feite. (2)

2.2 2.2.1 Watter algemene fout maak mense met die lengte van die bande van hulle rugsakke? (1)

2.2.2 Watter **gevolg** het bogenoemde fout in Vraag 2.2.1? (1)

2.3 Wat, volgens die teks, veroorsaak moontlik die "vooroorpostuur" soos gewys in die infografiek? (1)

2.4 Gee **een woord** uit die infografiek wat beteken dat die bande presies gelyk op die rug hang. (1)

2.5 Watter voordeel hou dit vir die leerder in as die rugsak styf teen sy rug sit? (1)

2.6 Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die vraagnommer en korrekte alfabetletter neer:

*Die rugsak moet heelwat afdelings binne die sak hê, beteken:*

A Daar moet meer as een afdeling wees.
B Daar moet geen afdelings wees nie.
C Daar moet een afdeling wees. (1)

2.7 Waarom is Lizet van der Merwe 'n goeie persoon om vir ouers wenke oor rugsakke te gee?


Verduidelik jou antwoord volledig. (1)

2.8 Watter tyd van die jaar sal hierdie tipe infografiek waarskynlik in die media verskyn? (1)
**[10]**

IEB Copyright © 2018

## VRAAG 3 VISUELE BEGRIP – SPOTPRENT

**Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae wat daarop volg.**




[Bron: *Volksblad*, 6 Januarie 2016]

3.1 Voltooi die volgende sin deur die gepaste woorde in te vul:

Die dogtertjie dra 'n 3.1.1 ... , maar die ma het 'n 3.1.2 ... aan. (1)

3.2 Verduidelik die kontras in **gedrag** tussen wat die seun doen en wat die res van die gesin doen. (2)

3.3 Watter **twee visuele leidrade** is daar wat wys dat die mense dans? (2)

3.4 Die hond dans ook. Gee twee bewyse in een volsin om die stelling te staaf. (2)

3.5 3.5.1 Gee 'n moontlike rede waarom die gesin so opgewonde is dat die seun geslaag het. (1)

3.5.2 Gee 'n rede waarom die seun nie so opgewonde is dat hy geslaag het nie. (1)

3.6 Beskryf die seun se gesigsuitdrukking deur **slegs een woord** neer te skryf. (1)

**[10]**

**30 punte**

## AFDELING B OPSOMMING

## VRAAG 4 KLASGESPREK OOR TOEKOMSPLANNE

- Bestudeer die onderstaande teks.
- Som dan die 5 leerders se toekomsplanne puntsgewys in jou eie woorde op.
- **Noem wat hulle beplan om te doen en sê ook hoekom hulle dit beplan.**
- Begin elke keer met die leerder se naam in jou opsomming.
  **Bv. Jessica gaan …**
- Skryf die opsomming puntsgewys in vyf volsinne in ongeveer 70 woorde neer.

ONTHOU:
- Skryf 'n woordtelling aan die einde van jou opsomming neer.
- Moenie sinsdele direk uit die teks aanhaal nie.
- Jy sal gepenaliseer word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde) is.
- **Elke hoofpunt moet slegs 'n sin bevat met die leerders se toekomsplanne en hoekom hulle dit beplan.**
- Trek 'n streep deur jou beplanning.

**Klasgesprek oor toekomsplanne**

Onderwyser: Jessica wat gaan jy volgende jaar doen?

Jessica: Ek is mal oor diere en wou nog altyd met diere werk. Ek beplan om 'n jaar by die Kruger Wildtuin te gaan werk. So kry ek praktiese opleiding en kan ek van die begin af sien wat die beroep as wildbewaarder behels.

Onderwyser: Wonderlik! Simphiwe wat is jou planne vir volgende jaar?

Simphiwe: Ek is goed met syfers en beplan om Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe te gaan studeer. Vir my gaan dit oor tabelle en statistieke, want mense maak my net moeg.

Onderwyser: Goeie idee. En jy Jerome?

Jerome: Dit is juis die probleem! Ek het nie 'n idee wat ek wil doen nie. Volgende jaar gaan ek afvat en verskillende deeltydse werkies doen om te sien of iets my interesseer. Ek gaan nie my ouers se geld mors deur net te gaan studeer omdat almal van my verwag om dit te doen nie.

Onderwyser: Dit maak sin. Lebo wat gaan jy doen?

Lebo: O, dis baie maklik – die onderwys is beslis vir my. Ek wil 'n verskil in kinders se lewens maak. Ek weet dit al vandat ek twaalf jaar oud is.

Onderwyser: Dankie, Lebo. Aaliyah en jy?

Aaliyah: My droom is om 'n dokter te word. Ek het 'n dag by die Groote Schuur hospitaal spandeer en dit het net bevestig dat medies die rigting vir my is. Ek wil graag iets doen om terug te gee aan die gemeenskap.

**10 punte**

IEB Copyright © 2018

## AFDELING C POËSIE

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande voorbereide gedig noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.**

**Die wêreld het so klein geword** – Alta Marincowitz

Toe my ouma 'n kind was, speel hulle op die wye vlakte,
deel granate in die boord,
lees boeke in hulle soeke na kennis
en klets met maats as die foun twee kortes en drie langes lui.

As kind bly my ma op 'n ruim erf
met 'n grasperk en twee bome,
sit sy vasgenael voor die kassie —
vol drome om eendag oor die wye wêreld te swerf.
Sy ken mense wat al oorsee was!
Haar niggies in die stad gaan naweke fliek
en voor matriek sien sy hoe die eerste selfone lyk.

Ek klik met 'n muis die wêreld tot in my huis,
die web is my werf en Gumtree my boom.
Ek is deel van 'n boek waar mense hul gesigte
gedeeltelik ontsluier en klankloos klets en kuier.
Ek kan kennis onmiddellik op aanvraag verkry
en met 'n ieder en elk in verbinding bly.
Die moontlikhede is duiselingwek-
kend GROOT en die wêreld het so
klein geword dit pas in die
twaalf vierkante
meter van my
kamer
in.

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners – saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

IEB Copyright © 2018

5.1 Waarop dui die woord **"my"** in reël 1 van die tipe spreker wat in die gedig aangetref word? (1)

5.2 Watter **enkele woord** in strofe 1 wys dat die gedig narratief van aard gaan wees? (1)

5.3 Wat noem ons dit as daar nuwe woorde geskep word omdat dit voorheen nie bestaan het nie?

Kies die korrekte antwoord en skryf die alfabetletter langs die vraagnommer neer.

A anglisisme
B neologisme
C pleonasme
D hiperbool (1)

5.4 Hoe kan die woord ***"deel"*** in reël 2 geïnterpreteer word? (1)

5.5 Wat is die funksie van die aandagstreep in reël 7? (1)

5.6 Identifiseer die stylfiguur in reël 15: "*klankloos klets en kuier*". (1)

5.7 Verduidelik die funksie van die woord "duiselingwekkend" in reëls 18 en 19. (1)

5.8 Die **leefruimtes** van die spreker se ouma en ma **verskil** van mekaar. Haal telkens **twee agtereenvolgende** woorde aan wat die verskil uitwys.

5.8.1 Ouma se leefruimte (1)

5.8.2 Ma se leefruimte (1)

5.9 Verduidelik die tipografie van die gedig aan die einde van strofe 3. (1)
**[10]**

IEB Copyright © 2018

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.**

**klein geloof** – Tanya Joubert

die kabouter is uit my tuin gesteel
en kersvader kom nooit meer op sy slee
die tandemuis was net my ma
en paddaprinse is amfibieë

Armstrong was die man op die maan
en my melkskommelweg het versuur
drake is dinosourusse
lugkastele is argitektuur

ek het ál my sprokies brand gesteek
Realisme, Feite, Wetenskap:
EK KAN BEWYS!

maar waarom slaap ek met my lig nog aan
stoei met die monsters onder my bed
en waarom bid ek elke dag
dat die Prins op die donkie my moet red?

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners – saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

6.1 In reël 1 sê die spreker: "die kabouter is uit my tuin gesteel".

Wat is die figuurlike betekenis van bogenoemde woorde? (1)

6.2 Noem twee van die spreker se "klein gelofies" wat nou deur feite vervang is. (2)

6.3 Op watter twee woorde is "melkskommelweg" 'n woordspeling? (1)

6.4 Die gebruik van die hoofletters in reël 11 is om te beklemtoon. Wat wil die digter met die gebruik van die hoofletters beklemtoon? (1)

6.5 **Watter enkele woord** dui 'n wending in die gedig aan? (1)

6.6 Wat suggereer die gebruik van die woord "nog" in reël 12 oor hoe die spreker oor die donker voel? (1)

6.7 Noem een van die boodskappe wat die digter met die gedig probeer oordra. (1)

6.8 Verduidelik die rede vir die verandering wat van strofe 1 tot strofe 3 plaasvind. (1)

6.9 In watter versreëls in die gedig kom daar eindrym voor? Skryf slegs die twee nommers van die versreëls neer. (1)

**[10]**

## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

**Die huis luister** – Daniël Hugo

my kamers is hol soos 'n binne-oor
ek hoor hoe die bewoners roesemoes
liefde maak, verwyt, mekaar vertroos, skoor
soek met die goor hede, nooit tevrede
aanhou kibbel oor kon en sou en moes

luister, ek bewaar julle verlede
my fondamente kraak onder die las
my plafonne raak voos van die eggo's
te veel vloeke laat my pleisterwerk bars
jare se trane laat my rame roes

so word ons saam verweer deur dit wat was
my dakplate en julle gebede
fluister en knal al hoe harder om hulp
ongehoord in elke nag se oorskulp

[Bron: Dooiemansdeur, 1991]

7.1 Watter **woord** uit strofe 1 verwys na mense wat ongelukkig is? (1)

7.2 Hoe weet ons dat die mense wat in die huis bly, in strofe 2, direk aangespreek word? (1)

7.3 Watter **beeldspraak** kom in die titel van die gedig voor? (1)

7.4 Watter rymskema vind ons in die gedig? (1)

7.5 Watter tyd-**woord** in strofe 2 staan in kontras met 'n woord in strofe 1? Haal albei die kontrasterende woorde aan. (2)

7.6 Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit strofe 2 aan. (1)

7.7 Uit hoeveel strofes bestaan hierdie gedig? (1)

7.8 "so word ons saam verweer" (reël 11). Wie is die "ons" na wie hier verwys word? (1)

7.9 Daar word "om hulp" gevra in reël 13. Met watter probleem benodig die mense in die huis hulp? (1)

**[10]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2018

## AFDELING D TAALVAARDIGHEID

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

**Bestudeer die strokiesprent hieronder en herskryf dan die sinne soos aangedui.**




[Bron: <https://www.pinterest.co.uk/pin/496592296391292808/>]

8.1 Hy het 'n lang lys van moontlike universiteite.

**Volgende keer …** (1)

8.2 Het jy al op 'n universiteit vir volgende jaar besluit?

**Nee, …** (1)

8.3 Die seun stel 'n lang lys van universiteite op.

**Vroeër …** (1)

8.4 Die pa sê dat hy 'n interessante keuse gemaak het.

**Die pa sê: "…"** (1)

8.5 Die seun behoort die keuse op sy eie te maak.

**Die seun hoef …** (1)

8.6 Die seun is entoesiasties deur sy ouers aangemoedig om hoog te mik.

**Die ouers …** (1)

8.7 Hy stel 'n lys van universiteite op en hy doen aansoek.

**Nadat …** (1)

8.8 Die ouers motiveer hulle seun om 'n wyse besluit te neem.

**Die ouers motiveer hulle seun sodat …** (1)

IEB Copyright © 2018 

8.9 Hy hou van "partytjie"-universiteite, maar hy moet ook studeer.

**Al …** (1)

8.10 Sy pa sal die seun met die lys van universiteite help.

**Die seun …** (1)

8.11 Die seun is in graad 12. Die pa praat met die seun.

**Die seun met wie …** (1)

8.12 Hy het weer noukeurig na die lys gekyk.

**Vandag …** (1)
**[12]**

## VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

**Lees die paragraaf wat op die prent gebaseer is deur. Doen dan elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf die nommer en korrekte antwoord in jou antwoordboek neer.**




[Bron: *Volksblad*, April 2017]

IEB Copyright © 2018


Marie is **9.1 (worried – gee die Afrikaanse woord)** oor haar seun. Hy is in graad 12, maar stel nie in skoolwerk belang nie. Hy is 'n **9.2 (lag – gee die teenwoordige deelwoord)** kind wat die lewe geniet en nie sy **9.3 (kind + dae – gee die samestelling)** wil laat gaan nie. Hy weet nie wat dit **9.4 (beteken / bedoel – kies die korrekte woord)** om hard te werk nie. Hy kom **9.5 (elke middag – gee een woord)** om **9.6 (14:30 – skryf uit in woorde)** by die huis en kyk net die heeltyd TV. Sy ma hoop hy sal dit **9.7 (waardeur / waardeer – kies die korrekte spelling)** as sy vir **9.8 (hy / haar / hom – kies die korrekte voornaamwoord)** Marmite koop om sy brein krag te gee. Dit sal haar net **9.9 (kwaad – gee die vergrotende trap)** maak as hy matriek dop en by haar bly tot hy **9.10 (80 – skryf uit in woorde)** is. Sy laaste **9.11 (verskoning – gee die verkleinwoord)** was dat daar geen **9.12 (moontlikheid – gee die meervoud)** vir matrikulante is nie. Sy ma sê **9.13 (dis / dus)** nonsens, want al haar ander kinders het matriek geslaag en sy dink hy probeer **9.14 (dit + met – gee een woord)** wegkom dat hy net lui is. Dalk as hy 'n **9.15 (half – gee die korrekte vorm van die woord)** bottel Marmite eet, sal hy meer werk op sy **9.16 (laptop – gee die Afrikaanse woord)** doen en minder speletjies speel.

**[8]**

IEB Copyright © 2018

## VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- **Lees die inligting hieronder, wat op die spotprent gebaseer is, deeglik deur.**
- **Voer die instruksies, wat by elke situasie gevra word, uit.**
- **Skryf elke keer die woorde neer van die persoon wat praat.**
- **Elke respons moet 15–20 woorde lank wees.**




[<https://www.cartoonstock.com/directory/p/parent_teacher_nights.asp>]

10.1 Die skoolhoof (A) praat met die ouers by oueraand. Hy **waarsku** hulle oor die gevare wat op die jeug van vandag wag. Skryf neer wat die skoolhoof vir die ouers sê om hulle te waarsku. **Noem** ook een van die gevare waarteen die skoolhoof hulle waarsku. (2)

10.2 Die een vrou (B) is nou baie **bekommerd** oor haar kinders. Skryf neer wat sy moontlik dink om haar kommer uit te druk. (2)

10.3 Die een ma (C) **stem glad nie saam** met die skoolhoof nie. Skryf neer wat sy vir hom sal sê om te wys dat sy van hom verskil. (2)

10.4 Die pa (D) dink dat die skoolhoof uit voeling met die werklikheid is. Wat sal hy sê om te wys dat hy **skepties** oor die skoolhoof se toespraak is? (2)

10.5 Die pa (E) dink dat die hoof wonderlik is en hy **wens hom geluk** met sy toespraak. Skryf die pa se woorde **van gelukwensing** aan die skoolhoof neer. (2)

**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2018